# Ontmoeting 4

## Mefiboset

Kinders hoor hoe Dawid hom ontferm oor Jonatan se seun.

**Teks**: 2 Sameul 4:4; 9:5–13; 16:1–4 en 14–30
**Hulpmiddels**:

- Bykomstighede vir die karakters in die storie
- Afdrukke van die verskille–prentjie
- Afdrukke van Mefiboset aktiwiteit en "split pins"
- Inkleurpotlode en skêre

**Welkom**

**Ouer kinders:** Maak groepies van drie. Twee maats in die groepie maak 'n sitplek met hulle arms deur aan mekaar se hande vas te hou. Die derde kind klim op die "sitplek". Wanneer die teken gegee word, hardloop al die spanne resies tot by die eindpunt. Indien die passasier afval, moet die span weer by die beginpunt begin. Die eerste span wat by die eindpunt kom, is die wenners.

**Jonger kinders:** Bou 'n eenvoudige hindernisbaan. Verdeel in groepe van 2. Blinddoek een van die kinders en laat die ander een hom/haar lei na die ander kant van die kamer.

**Wyding**

**Stilword–ritueel:** Laat die kinders op hul magies lê met hul ogies toe en hul koppe op hul arms en hulself indink as skapies. Laat hulle 'n paar keer diep asemhaal en luister na die woorde van 'n liedjie wat Dawid geskryf het. Lees nou Psalm 23 vir hulle rustig voor.

**Woord**

**Agtergrond: Jonatan en Dawid was beste vriende gewees, en het mekaar baie lief gehad. Dis hoekom Dawid geen tyd gemors het om Mefiboset te help nie.**

Vrae om voor die tyd oor te gesels:

- Wat sal jy vir jou beste maatjie doen?
- Wat sal jou beste maatjie vir jou doen?

Vertel die storie met behulp van rollespel. Die verteller lees die verhaal terwyl die kinders dit opvoer.

**Verteller:** Mefiboset het saam met sy hele familie in sy oupa, Saul, se paleis gewoon. Eendag het daar oorlog uitgebreek en hulle moes vlug. Mefiboset se oppasser het met hom gehardloop. Sy het gestruikel en met hom geval. Sy voete het baie seergekry en van daardie dag af was hy kreupel.

Mefiboset se pa, Jonatan, en sy oupa, Saul, het in die oorlog gesterf. Jonatan se vriend, Dawid, het die nuwe koning geword. Eendag vra Dawid vir Siba, sy werker, of daar nog enige van Saul se familie lewe. Hy sou graag vir hulle wou sorg omdat hy dit lank terug aan Jonatan belowe het. Siba sê toe dat Jonatan se kreupel seun, Mefiboset, nog lewe. Dawid stuur vir Siba om vir Mefiboset te gaan haal.
Dawid het hom in sy huis laat bly en vir hom gesorg. Dawid het ook al Mefiboset se oupa, Saul, se besittings en grond aan hom gegee.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of jy iemand ken wat gestremd is.
2. Ek wonder hoe jy iemand help wat gestremd is.
3. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
4. Ek wonder wie is jy in die storie.
5. Ek wonder as jy die maatjie was, hoe jy sou gehelp wil word.

**Werskaf**

- Lees weer die storie en voer dit vir mekaar op.
- Soek die 7 verskille en kleur die prentjie in.
- Maak vir Mefiboset met krukke: kleur in, knip uit en heg dan die arms en krukke met 'n "split pin" aan. Skryf op elke kruk 1 manier hoe ons iemand anders kan help. (Bron: www.truewaykids.com)

**Sluit af met die seënbede**

**Dawid en Mefiboset**
**Soek 7 verskille:**